:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

DEEL XX. FEBRUARIE, 1953. No. 4.

# 'N NUWE BIBLIOTEEK VIR DIE P.U. VIR C.H.O.

Die oprigting van 'n nuwe biblioteekgebou onmiddellik na die vernietiging deur brand van die biblioteek van die Potchefstroomse Universiteitskollege op 23 Februarie 1949 het by menigeen die indruk geskep dat ons die nuwe gebou aan die brand te danke het. Uit die volgende inleidende opmerkings sal dit hopelik blyk dat hierdie indruk nie korrek is nie.

By die oprigting van die huidige hoofgebou van die Universiteit in 1930 is voorsiening gemaak vir die huisvesting van die biblioteek in een van die vleuels van die gebou, waar twee vertrekke, die een as studiesaal en die ander as magasyn, vir die doel ingerig is. Hoewel uiters beskeie was dit 'n groot verbetering op die vorige stowwerige sinkvertrek met 'n paar plank boekrakke. En vir 'n klein kollege met ongeveer 200 studente en 17 dosente, vir 'n boekversameling van 6,300, was dit uitnemende huisvesting.

Met die vinnige groei van die Kollege moes die biblioteek tred hou, en reeds gedurende die eerste tien jaar moes dit die een vertrek na die

ander inpalm. Selfs vertrekke in laboratoriumgeboue en kelders is later in beslag geneem. Die noodsaaklikheid van doeltreffende huisvesting vir die biblioteek is deur die Senaat besef, en toe die Kollege in 1947 met die welwillende hulp van die Carnegie-Korporasie van New York sy eerste voltydse bibliotekaris in die V.S.A. kon laat oplei, is aan hom opgedra om 'n besondere studie te maak van biblioteekbeplanning. Deur die nood gedryf word egter intussen op aanbeveling van die Senaat besluit om 'n nuwe kollegegebou op te rig en om die hoofgebou met sy kollegekamers vir die huisvesting van die biblioteek aan te wend. Na verdere grondige oorweging en soms gespanne besprekings word hierdie besluit in September 1948 ter elfder ure herroep ten gunste van die oprigting van 'n biblioteekgebou en word 'n beplanningskommissie bestaande uit die bibliotekaris en 'n verteenwoordiger van elke fakulteit benoem om „'n studie te maak van die Inrigting se behoeftes met die oog op die moontlike oprigting van 'n biblioteeekgebou".

Vyf maande later het die brand plaasgevind.

Hoewel hierdie ramp nie die oorsaak was van die nuwe gebou nie, het dit die oprigting daarvan verhaas en vergemaklik. Van die Regering is 'n hooggewaardeerde toesegging van £40,000 vir die doel ontvang. Aan die beplannnigskommissie is die byna onmoontlike eis gestel om binne enkele maande sy ondersoek te voltooi en rapport te lewer.

Met die benoeming van die beplanningskommissie is die regte stap gedoen. Die noodsaaklikheid van deeglike voorafstudie en -beplanning word baie sterk beklemtoon deur biblioteekkundiges, veral in die V.S.A., die land wat volgens beraming tans besig is om oor tien jaar 140 miljoen dollars aan die oprigting van biblioteekgeboue te bestee, en waar in 1949 193 universiteite en kolleges besig was met die beplanning en oprigting van nuwe geboue en 84 met vergroting van bestaande geboue 1). Wilson en Tauber sê daarvan in hulle gesaghebbende werk „The University Library": „The most important requisite of a satisfactory library plant is careful planning. The necessity of detailed preliminary planning can scarcely be over-estimated. The University Library building is a complex, highly specialized structure. It is intended for particular purposes, and its success in meeting the requirements of the institution depends to a great extent upon how well it is adapted to the functions which it is expected to perform. As has been emphasized earlier, those functions are determined by the educational objectives of the institution and by the methods used to achieve them. A clear understanding of the

(in „College and Research Libraries", dl. XII, bl. 33).

place of the library in the educational pattern of the institution is fundamental to the success of any building program. To arrive at such an understanding is the first step in planning. An intelligent plan will insure that the Library building is adapted to local needs and conditions" 2).

1) Muller, R. H., Future library building trends among colleges and universities

By die beplanning van 'n biblioteekgbou moet derhalwe begin word met 'n studie van die funksie van die voorgestelde gebou. Waarvoor gaan dit gebruik word, hoe en deur wie? Vervolgens moet die beplanners hulle rekenskap gee van wat in die gebou gebruik gaan word en hoe dit georganiseer en geadministreer moet word om dit op die beste wyse beskikbaar te stel vir die gebruikers. Alleen dan kan vasgestel word hoe die gebou ontwerp moet word om voldoende en doeltreffende ruimte te bied vir die gebruikers, vir die studiemateriaal en vir die personeel wat dit moet voorberei vir gebruik en wat die gebruik moet beheer. Verder moet met die oog op die vermeerdering van gebruikers, studiemateriaal en biblioteekpersoneel rekening gehou en vir toekomstige uitbreiding beplan word.

Die funksie wat die biblioteek moet verrig, word gepaal deur die eise wat gestel word deur die studie en navorsing aan die inrigting waaraan hy verbonde is. Dit hou in die verskillende studierigtings en -vakke, elk met sy besondere behoeftes, die doseer- en studiemetodes wat toegepas word, die hoeveelheid navorsingswrk wat gedoen word en die getal en tipes gebruikers. By die oorweging van hierdie faktore vir die beplanning van ons biblioteek moes verder in aanmerking geneem word dat die Raad van die P.U.K. vir CH..O. in 1949 besluit het om die nodige stappe te doen om die Kollege deur wetgewing tot universiteit verhef te kry. Hierdie belangrike stap, wat in 1951 werklikheid geword het, het die taak van beplanning van die biblioteek nog moeiliker gemaak, aangesien met reg verwag kon word dat dit op al die bogenoemde sake verreikende gevolge kan hê.

Na oorweging van die behoeftes van die verskillende studierigtings wat in 1949 aangebied is, is besluit om 'n sentrale biblioteek vir alle studiemateriaal te beplan. In die besondere behoeftes van sekere vakke is voorsiening gemaak deur die inrigting van seminaarkamers, bv. vir Kuns, Regte en Volkekunde, terwyl ten opsigte van natuurwetenskaplike vakke besluit is om materiaal wat by laboratoriumwerk benodig word, in die verskillende laboratoriumgeboue te plaas.

2) Wilson, L. R., and Tauber, M. F., „The University Library; its organization, administration and functions", Chicago, University of Chicago press, 1948, bl. 418.

Die doseermetode wat in 'n groot aantal vakke, veral gedurende die eerste twee studiejare, toegepas word, bestaan uit een of meer van die tradisionele metodes, nl. lesings, waarvan studente soveel moontlik probeer neerskryf, aantekeninge of „diktate" wat afgelees of in afgerolde vorm aan studente verstrek word, en die gebruik van een of meer leèrboeke. Aangesien hierdie metodes gevaar loop om van die student meer 'n memoriseringsproses as 'n studieproses te verg, werk dit geen intensiewe gebruik van die biblioteek in die hand nie—'n feit wat van direkte belang is by die bepaling van die omvang van die studieruimte waarvoor beplan word. Hier moes egter in aanmerking geneem word dat die Kollege in die verlede nie oor 'n goedtoegeruste en wetenskaplik georganiseerde biblioteek beskik het nie en dat die daarstelling van sodanige fasiliteite hopelik 'n verandering in die toestand teweeg sal bring.

Die gebruikers bestaan uit die professore en lektore en die studente wat met gevorderde graadstudie of navorsing besig is, en uit studente wat vir die eeerste baccalaureusgraad- of diplomastudie ingeskryf is. Dosente en gevorderde studente wat met navorsing of gespesialiseerde studie besig is, gebruik die biblioteek baie intensiewer, en hulle behoeftes t.o.v. studieruimte en -fasiliteite verskil van dié van graad- en diplomastudente, wat die biblioteek hoofsaaklik vir aanvullende leeswerk gebruik. Waar die laasgenoemde groep doeltreffend en ekonomies in 'n groot studiesaal gehuisves kan word, behoort vir die eersgenoemdes meer afsonderlike ruimtes vir ongestoorde studie beskikbaar gestel te word.

**Tabel 1 3).**

| | 1919 | 1929 | 1939 | 1949 |
|---|---|---|---|---|
| Dosente .... .... .... | 10 | 16 | 29 | 74 |
| Studente .... .... .... | 39 | 255 | 455 | 762 |

**Tabel 1 3).**

| | 1940 | 1941 | 1942 | 1943 | 1944 | 1945 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gevorderde studente | 61 | 64 | 79 | 96 | 109 | 126 | 172 | 186 | 190 | 139 |
| Ander studente | 430 | 505 | 515 | 536 | 543 | 577 | 623 | 644 | 676 | 623 |
| Totaal | 491 | 569 | 594 | 632 | 652 | 703 | 795 | 830 | 866 | 762 |
| % Gevorderde studente | 12.4 | 11.2 | 13.3 | 15.2 | 16.7 | 17.9 | 21.6 | 22.4 | 21.9 | 18.2 |

Die omvang van hierdie ruimtes word bepaal deur die aantal gebruikers. Tabel 1 toon die uitbreiding van personeel en studente vanaf

3) Die getalle in 1952 is soos volg: 82 dosente en 921 studente waarvan 227 of 24.7% met gevorderde studie besig was.

die totstandkoming van die Kollege in 1919 tot 1949. Met die oog op voorsiening vir die toekoms speel hierdie getalle 'n belangrike rol. Sal die Inrigting hierdie groeitempo handhaaf? Wat sal die getalle in 1969 wees? Welke invloed sal die omskepping van die Kollege tot 'n universiteit hierop hê? In tabel 2 word die studentetalle oor die tydperk 1940 tot 1949 ontleed om vas te stel wat die verhouding tussen gevorderde en ander studente is. Daaruit blyk dat die persentasie studente wat met gevorderde studie besig was, gevarieer het van 11.2% tot 22.4%, met 'n gemiddelde van 17.7%. Oor die vyf jaar van 1945 tot 1949 was die gemiddelde 20.6%.

Volgens standaarde vir Amerikaanse universiteite moet studiefasiliteite ingeruim word vir 'n maksimum van 30% van die totale aantal gebruikers. Die heersende doseer- en studiemetodes aan die P.U.K. vir C.H.O. in aanmerking geneem en op grond van gegewens i.v.m. die gebruik van die biblioteek is deur die beplanningskommissie beraam dat in die geval van gewone graad- en diplomastudente sitplekruimte vir 10% van die totaal as minimum gestel kan word. Met die oog op toekomstige uitbreiding is besluit om 'n studiestaal te ontwerp wat 160 studente of ongeveer 25% van die studente in 1949 kan huisves. Die saal behoort voldoende ruimte te bied tot op die stadium wanneer hierdie studentegroep 1,600 tel, tensy die doseer- en studiemetodes sodanig verander dat dit 'n groter mate van selfstudie en derhalwe intensiewer biblioteekgebruik van die student verg.

Vir dosente en gevorderde studente is spesiale voorsiening gemaak deur die inrigting van 12 kleinere studiekamertjies, 'n studievertrek vir dosente en 'n aantal seminaarkamers, wat altesaam ongeveer 65 sitplekke bied of ongeveer 25% van die totale aantal gebruikers in hierdie kategorie kan huisves. As in aanmerking geneem word dat 'n groot gedeelte van die nagraadse studente elders woonagtig is en die biblioteek nie vir daaglikse studie gebruik nie, kan die persentasie tot 40 opgeskuif word.

By die beplanning van die **ruimte vir die studiemateriaal** is aandag geskenk aan die jongste opvattinge, wat die aaneenskakeling van ruimtes vir gebruikers en vir boeke bepleit. Na oorweging van ons gehoeftes t.o.v. gebruik, personeelbeperkinge ens. is besluit om aparte magasynruimte te beplan, wat so geleë moet wees dat dit gekontroleerde dog gemaklike en vrye toegang aan gebruikers uit die verskillende studieruimtes bied.

Die bepaling van die **omvang van die ruimte vir studiemateriaal** het probleme opgelewer. Normaalweg is dit nie moeilik om op grond van

bestaande voorraad en met behulp van statistiese gegewens wat die gemiddelde groei van biblioteekbesit aantoon, die benodigde ruimte vas te stel nie. Tydens die brand in Februarie 1949 is die inhoud van ons biblioteek vernietig. Op grond van die boekevoorraad van ander Suid-Afrikaanse universiteits- en kollegebiblioteke en aan die hand van standaarde van biblioteekbesit en met inagneming van die moontlikheid dat die voorraad as gevolg van die brand en van selfstandigwording van die Inrigting snel mag groei, is besluit om hier ruim voorsiening te maak. Die totale magasynruimte is beplan om ongeveer 112,000 boekdele te bevat, terwyl in die studiesaal, in seminaarkamers en in kantore rakruimte aangebring is vir 'n verdere 13,000 boekdele, sodat die gebou 'n totaal van 125,000 boekdele kan huisves.

Aan die eis om doeltreffende ruimte vir die biblioteekpersoneel te verskaf is voldoen deur die inrigting van funksioneel aaneengeskakelde ruimtes vir die bestel- en ontvangs-, klassifiseer- en katalogiseer- en voorbereidingsaktiwiteite. Verder is voorsiening gemaak vir kantore vir die bibliotekaris, 'n onderbibliotekaris, tiksters en klerke en vir 'n boekbindery.

In die kort tyd wat die beplanningskommissie tot sy beskikking gehad het, het hy 'n studie gemaak van alle beskikbare lektuur oor bbilioteekgeboubeplanning en van die Inrigting se behoeftes. Op grond daarvan en met inagneming van verwagte groei en moontlike veranderde eise t.o.v. biblioteekdiens aan die Universiteit het hy tot die bogenoemde konklusies gekom. Omdat egter besef is dat daar soveel onbepaalbare faktore is i.v.m. moontlike uitbreiding en die aard van biblioteekdiens in die toekoms, is sterk beklemtoon dat die gebou so ontwerp moet word dat dit ruimte laat vir onbeperkte uitbreiding en dat dit hom sal leen vir gemaklike herrangskikking van ruimtes. Met die oog hierop is die argitek versoek om die gebou op die modulêre stelsel te ontwerp 4).

Al die bogenoemde voorskrifte van die beplanningskomitee is op bekwame wyse uitgevoer deur die argitekte, mnre. Meiring en Naude. Die resultaat is die sierlike Ferdinand Postma-Biblioteek, wat op 29 November 1952 amptelik in gebruik geneem kon word.

H. C. VAN ROOY.

4) In 'n volgende uitgawe van „Suid-Afrikaanse Biblioteke" word die toepassing van modulêre beplanning uitgewerk.